



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

BScHons Konstruksiebestuur Konstruksiebestuur (12242015)

Duur van studie 2 jaar

Totale krediete 182

Kontak Mr DE Booyens derick.booyens@up.ac.za +27 (0)124204433

Programinligting

Dit word aanbeveel dat 'n student bo en behalwe bevredigende bywoning van lesings, vir ten minste 480 uur deelyds by 'n geskikte werkgewer in die bou-/konstruksiebedryf werksaam sal wees. Daar sal van die student verwag word om 'n diensrooster by te hou op die voorgeskrewe templaot.

Verwys na G Regulasies G.16 tot G.29 en G.54.

Toelatingsvereistes

Die toelatingsvereistes moet saam met die voorwaardes soos uiteengesit in die Algemene Regulasies gelees word.

'n Persoon mag nie as 'n kandidaat vir die graad toegelaat word nie, tensy hy of sy:

- (a) 'n gegradueerde van die BSc in Konstruksiebestuur-graad van hierdie Universiteit; of
- (b) die houer van 'n drie-jaar baccalaureusgraad van hierdie, of enige ander universiteit erken vir die doel deur die departementshoof as gelykstaande aan die BSc in Konstruksiebestuur-graad van hierdie Universiteit; of
- (c) in enige ander wyse bereik 'n vlak van bekwaamheid wat na die mening van die hoof van die departement is voldoende vir die doel van toelating

Addisionele vereistes

Keuring is gebaseer op die aansoeker se akademiese rekord en ondervinding. Van aansoekers kan verwag word om vir 'n onderhoud te kom en/of 'n toelatingseksamen af te lê.

Eksamens en slaagvereistes

Ten einde tot die eksamen in 'n betrokke module toegelaat te word, word 'n semester-/jaarpunt van minstens 40% vereis. Verder moet aan alle ander eksamentoelatingvereistes voldoen word, soos van toepassing op 'n betrokke module.

Hereksamens

Geen hereksamens sal op nagraadse vlak toegestaan word nie.

Spesiale eksamens



Geen spesiale eksamens sal op nagraadse vlak toegestaan word nie.
Die graad word toegeken indien alle voorgeskrewe modules geslaag is.

Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat vir die eerste maal vir de graad geregistreer het, en die graad voltooi het binne die minimum voorgeskrewe tydperk en in al die modules geslaag het met 'n geweepte gemiddelde van minstens 75% (uitgesluit POU 700).

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrou met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.